Nuwe sakehoof rol sy moue op

Corné Coetzee

Mnr. Sakkie Stoltz, nuwe president van die Roodepoortse sakekamer.

Mnr. Sakkie Stoltz is die nuwe president van die Roodepoortse sakekamer (Rocci), maar hy is g'n groentjie by Rocci nie.

"Die lede weet ek is iemand wat moue oprol en persoonlik betrokke raak," sê dié gebore en getoë Wes-Rander. Hy is reeds ses jaar lank betrokke by Rocci, die laaste twee as visepresident.

Hy sê wanneer jy iemand soos mnr. Clive Kau opvolg wat 13 jaar in dié stoel gesit het, het jy 'n groot taak. Sy oorkoepelende fokus gedurende sy termyn gaan verhoudingsbou wees – en dít gaan om mense.

Korporasies en maatskappye het nie verhoudinge met mekaar nie; mense wél, sê hy.

Hy het vyf sake geïdentifiseer wat op die sakekamer se agenda gaan wees en gesels geesdriftig daaroor.

"Lidmaatskap – die wagwoorde is behoud, uitbreiding, erkenning en beloning.

"Rocci wil toerisme nasionaal en internasionaal bekend stel en bevorder. Baie van ons lede het hotelle en gastehuise en ons het talle toeristeaantreklikhede in ons gebied.

"Misdaad het afgeneem in die Roodepoort-omgewing. Ons werk saam met die polisie en die wedersydse uitruil van inligting is baie belangrik.

"Ons gaan 'n bewusmakingsveldtog van stapel stuur om mense en maatskappye aan te moedig om parke en groen ruimtes skoon te maak. Ook om te herwin. Vir my beteken 'groen' klein dingetjies soos om nie sommer elke e-pos drukker toe te stuur nie.

"Ons gaan ook voort met ons program om klein, middelslag- en mikro-ondernemings (KMMO's) te ondersteun, maar ons gaan nog meer klem lê op mentorskap en geleentheidskepping."

Hy is reeds drie jaar lank programdirekteur van die KMMO-projek. Stoltz sê dié kwessies is nie nuut nie, maar gaan daadwerklik "gedryf word deur die uitvoerende komitees".

"Ek het 'n oopdeurbeleid," sê hy.

Hy beplan om self gasheer te wees vir die gereelde koffie-en-muffin-geleenthede en hy verbind hom tot sigbaarheid en beskikbaarheid.

Om die daad by die woord te voeg, verskaf hy sy persoonlik e-posadres: sakkie.s@rocci.org. Sy eerste maandelikse blog op Rocci se Facebookblad is van Woensdag beskikbaar.

"Kom gesels weer die einde van die jaar," nooi hy.

"Dan gee ons terugvoering oor wat ons planne was en wat ons bereik het."

By die taxistaansplek se opening ... Mee. Salome Joubert, bestuurder van die Village Square-winkelsentrum in Randfontein, en Elizabeth Koen, bestuurder van die Key West-sentrum, en supt. Dolly Lethoko van die Randfonteinse verkeersdepartement. Agter is mnre. Fred de Wit van Acucap, eienaar van die sentrum, Vic Hiemstra, 'n direkteur van Acucap, en Kassie Duncan, ook van Acucap. Foto: CORNÉ COETZEE

Taxibestuurders, pendelaars in hul noppies

Taxi-verenigings, die eienaars van die Village Square-winkelsentrum en pendelaars van die omgewing is hoogs in hul skik met die nuwe, groter taxi-staanplek wat onlangs by dié sentrum in Randfontein geopen is.

Mnr. David Seriba, voorsitter van die Randfonteinse taxi-eienaarsvereniging (Ratao), het die R2,1 miljoen-staanplek onlangs geopen.

Die roetes na Village Square skakel nou met die twee taxi-staanplekke by die treinstasie en by Spar, wat laer in Hoofrifweg geleë is.

Dit spaar talle pendelaars 'n lang ent se loop.

Altesame 50 parkeerplekke, nuwe openbare ruskamers, 'n plek om taxi's te was en kantore vir die Randfontein-Toekomsrus-taxi-vereniging (RTTA) en Ratoa is deel van die ontwikkeling.

Village@Horizon help jou herwin

Die Village@Horizon in Horizon View, Roodepoort, doen sy deel vir die planeet deur herwinning makliker te maak.

Baie mense wil herwin, maar weet nie wat om met goed soos afvalglas, -plastiek en -papier te maak of waarheen om dit te neem nie. Hier's jou kans om 'n groen bydrae te lewer – neem jou herwinbare afval na die Village@Horizon se vyf nuwe houers wat vir dié doel oorkant die Keg & Legend geplaas is.

Die wit houer is vir skoon, droë papier en karton, die lemmetjiegroen houer is vir glas, die blou houer vir plastiek, die geel houer vir plastiekbottels en die oranje houer is vir blikke bedoel.

DDB SA 33830/booknow/A

Bespreek nou.

Lanseria na Kaapstad retoer 3 maal daagliks vanaf 1 Junie.

SA se mees stiptelike plaaslike lugredery.

Vir jou gerief, betaal by enige Checkers Money Market toonbank of gebruik jou Edgars kaart.

SMS bevestiging · Vooruitbespreekte sitplekke · Buigbare kaartjies

*Vlugte vanaf R495

08611 62646

Onderworpe aan voorwaardes en bepalinge.

www.flymango.com | mango